


Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 27



Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Ons nood God se antwoord

- Is u bekommerd?..... Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte byvoeg? (Matt. 6:27).
- Is u eensaam? Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. (Matt. 28:20).
- Is u teleurgesteld? Ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alle dinge ten goede meewerk. (Rom. 8:28).
- Is u siek? Ek is die Here wat jou gesond maak. (Ex.15:26).
- Is u onrustig?..... My siel, keer terug tot jou rus. (Ps. 116:7).
- Is u bang? Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou. (Jes. 41:10).
- Is u moedeloos?..... Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin. (Markus 16:33).
- Is u ontsteld? Laat julle hart nie ontsteld word nie, glo in God, glo ook in My. (Joh. 14:1).
- Is u besorg? Wees oor niks besorg nie. (Fil. 4:6).
- Is u moeg? Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. (Matt. 11: 280).

GEBED -----
Almagtige God,
het medelye met ons,
vergeef ons ons sonde,
vervul ons lewe met u genade en u Gees,
heilig ons,
rig ons liefde, ons verlange, ons hoop op Jesus Christus.
Amen.

DIE TWEE VERDIEPINGS

Twee verdiepings — een onder en een bo. Jy woon op die onderste verdieping van jou lewenshuis wanneer jy jou besig hou met bekrompe gedagtetjies of klein, persoonlike griefies, selfsugtige oorwegings, verheerliking van jou eie deugde, skinderpraatjies, nuttelose tydverdryf, luidrugtige plesiersoekery en ligsinnige naweke. Op die onderste verdieping word daar net geëet en gedrink en gewerk.

Daar is ons onder die heerskappy van die sinne. Jy wil alles proe wat smaaklik is, ruik wat geurig is, tas wat weelderig is, hoor wat prikkelend is — en sien wat aanloklik is.

Op die boonste verdieping is daar 'n stilte — al die raasgeluide van elke dag is gedemp. Daar kan jy tot jouself kom. Daar is jy alleen. Daar kan jy 'n inventaris van jouself maak.

'n Wenteltrap nooi jou uit om op te stap na die boonste verdieping... om jouself af te vra wat die doel en sin van jou lewe is, om weer terug te dink aan jou jeugjare en die opvoeding van jou ouers... om al die kortsluitings in jou lewe na te gaan... om te dink aan die dieper lewenswaardes... om te vra na jou verhouding tot jou medemens en om te vra na God.

Op die boonste verdieping is daar 'n ander uitsig op dié dinge. Van bo af lyk die dinge wat jou lewe beset so klein: jou tuin, jou motorkar, jou kinders, jou vriende. Van bo af skyn die sterre nader en is die hemelruim intiemer.

Gaan op — gooi die vensters oop en vind jouself en jou lewe weer in God.

Die wenteltrap is 'n uitnodiging!

W. J. de Klerk

JESUS CHRISTUS, ONS ONDERWYSING

Wie is Jesus Christus? Ek wil hierdie keer jou vraag beantwoord deur te sê dat Hy ons Profeet en Leraar is. Die woorde **Profeet** en **Leraar** beteken in hierdie verband dat Hy ons **Onderwyser** is.

Die woord voer jou gedagte seker ook terug na die dae toe jy nog op die skoolbanke gesit het en jou onderwysers jou geleer het. Waarom het hulle jou geleer? Natuurlik, sodat jou kennis kon vermeerder en jy met die meerdere kennis jou plek kon volstaan in jou latere lewe — met ander woorde, soos die mense dikwels sê, dat jy 'n sukses van die lewe kon maak. Het jy al van Christus as Onderwyser gehoor? Eintlik is Hy ons hoogste en grootste Onderwyser.

Jy vra wat Hy ons nou eintlik leer? Ek kan hier ook antwoord: om 'n sukses van die lewe te maak. Oppervlakkig geoordeel lyk dit asof die onderwysers in die leerskole van hierdie wêreld en Christus as Onderwyser ons dieselfde leer. Tog is dit nie presies dieselfde nie. Dit hang net af wat 'n mens onder die woordjie "sukses" verstaan.

Onder 'n suksesvolle lewe word hier op aarde meestal verstaan dat jy geleer het om goed geld te maak, om hoë roem en eer te verwerf, om onder die mense hoog aangeskrewe te wees. Dis al. En tog kan, nieteenstaande al die roem en prestasies, oor die lewe van so 'n persoon in groot letters MISLUKTE LEWE geskrywe staan, omdat hy by al sy kennis en roem nooit geleer het om vir sy **siel** te sorg nie. Dit is juis in hierdie verband dat Christus, as ons groot Onderwyser, die vraag stel: "Wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?" (Mat. 16:26).

Om vir jou siel te sorg, beteken dat jy moet leer in watter verhouding jy tot God staan. Jy moet leer dat jy, vanweë jou sondes, as 'n skuldige voor God staan en dit verdien om in hierdie lewe en die lewe na die dood met die vreeslike straf na liggaam en siel gestraf sal word. Jy moet ook leer dat jy, as jy in Christus glo en Hom van harte liefhet en dien, van die vreeslike straf kan vrykom, omdat Hy in liefde en genade in jou plek die straf gedra het.

Dit is nou wat Christus self, as Profeet en as ons groot Leermeester, aan ons wil leer, naamlik dat by Hom alleen redding en verlossing van ons sondeskuld te vinde is. Christus het die heerlike boodskap op so 'n wonderlike wyse aan die mens geleer. Magtig en aangrypend was sy onderrig en tog was dit so eenvoudig dat almal dit kon verstaan. Verruk oor Sy woorde het die wat na Hom geluister het, uitgeroep: "Nog nooit het 'n mens so gespreek soos Hy nie".

Waarom raak die onderrig van Christus die mens so diep? Omdat Hy, wat nie net waaragtig is nie, maar ook waaragtig God, ons lewe met al sy probleme die diepste kan peil, omdat Hy ons nood die beste verstaan, omdat Hy ons grootste lewensvrae die suiwerste sien en daarop die raakste en aangrypendste antwoorde kan gee.

Dit raak die snare van 'n mens se siel werklik aan as Hy wat die moeite en verdriet van die mens se lewe ken, aan jou sê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele, want my juk is sag en my las is lig." (Mat. 11:28-30).

Ons groot Onderwyser sê: "Leer van My... " Het jy al van Hom geleer? Jy is tog ook vermoeid en belas. Jy soek tog ook ontlading vir jou gekwelde gemoed. Waarom gaan jy dan nie na Christus en leer van Hom hoe om ware rus vir jou siel te vind nie... rus in Sy verlossing? Dan sal jy die ware lewenskuns leer ken. Dan sal jou lewe suksesvol wees — nou en na die dood. Dan sal jou siel nie skade ly nie.

Dan moet jy ook van Christus leer om in hierdie lewe die klem reg te lê, sodat jy jou nie moeg maak oor dinge wat werklik nie soveel waarde het nie. Luister op hoe 'n ontroerende

wyse Christus as ons Onderwyser dit aan ons leer:

"Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe — wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam — wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?

En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlijkheid nie bekleed was soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so bekleed, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?

Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat moet ons eet, of wat moet ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad." (Mat. 6:25-34)

Jy moet tog saamstem dat dit 'n wonderlike onderrig is oor die mees gewone en mees eenvoudige dinge van die lewe. Nou wil ek aan jou sê dat wat jy nodig het, is om jou deur Christus te laat onderrig en om dit te kan doen, moet jy 'n Bybel neem en lees wat Hy jou leer. Jy moet ook kerk toe gaan, want daar ontvang jy ook onderwys van Christus — al gebruik hy daar 'n swakke en sondige mens as sy instrument.

Jou lewe sal so oneindig verryk word. Jy sal 'n nuwe mens word. Jy sal in die donkerste dae en nagte nog lig in die hart en vrede in die gemoed hê. Christus wil vir jou ook 'n Onderwyser wees en roep jou elke dag toe: Kom, leer van My.

Sal jy gaan?

P. J. de Bruyn.

UITVERKIESING

Alhoewel sekere kerke die leer van die goddelike uitverkiesing en verwerping in hul belydenisskrifte aanvaar, word hierdie kosbare leerstuk oor die genade nie in die praktyk deur hulle geleer en uitgelewe nie, omdat, soos hulle beweer, hierdie leer dan te moeilik sou wees om te verstaan, mense in verwarring sou bring en selfs sou kon lei sorgelose en goddelose mense.

Kerke wat so maak, wil slimmer wees as God — 'n sonde wat begin het by Adam en Eva. God het Sy ONFEILBARE Woord vir ons gegee en wat daarin staan, is waar en reg. Dit kan tog nie moeilik, onverstaanbaar en verwarrend wees nie, want hoe sou die Volmaakte dan vir sy kinders 'n onvolmaakte boek gee om hulle te leer?

Is hierdie leer nou werklik moeilik of verwarrend? Kom ons betrag dit puntsgewys in die lig van die Heilige Skrif en kyk hoe eenvoudig en heerlik hierdie waarheid is.

(a) God het my uitverkies as sy kind voor die grondlegging van die wêreld. "... soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld... deurdag Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus ..." (Efes. 1:4, 5).

(b) God is volmaak, onveranderlik en almagtig. Daarom kan en sal my uitverkiesing wat deur Hom gedoen is, nooit verander of ongedaan gemaak word nie. Niemand kan my ooit uit sy hand ruk tot in ewigheid nie! "En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie." (Joh. 10:28).

Die mens verander wel van plan of van voorneme, maar nie God, die Onveranderlike nie. D.w.s. indien God my uitverkies het, sal ek NOOIT verlore kan gaan nie — watter ontsaglike, heerlike waarheid!

(c) Hoe weet ek dat God my ook uitverkies het? Ek weet dit deur die geloof in Jesus Christus wat die Heilige Gees in my hart werk. M.a.w. deur kinderlik en opreg te GLO dat God my Vader is en te GLO dat Christus my Verlosser is. "Want elkeen wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie maar die ewige lewe beërwe." (Joh. 3:16). Om te glo, is ook 'n gawe van God.

(d) As 'n aardse persoon homself in lewensgevaar begewe om my van 'n gewisse dood te red, dan sal ek voorwaar diep ondankbaar wees as ek nie my dank en erkentlikheid teenoor hom met DAAD bewys nie! Christus het sy bloed, ja sy lewe gegee om my te red van 'n ewige en verskriklike dood.

(e) Hy het dit gedoen enkel uit genade, want ek is in myself niks beter as enigiemand anders nie — niks beter as die grootste moordenaar of die wilde heiden nie! Hoe sou ek dan nou die werke van die Regverdige krities wil gaan meet aan my eng, nietige en sondige maatstaf van s.g. regverdigheid en vra hoekom Hy een uitgekies het en nie die ander nie? Kan die kers dan vir die son sê: "Jy gee te min lig?" (Rom. 9:20) "Die maagsel kan tog nie vir die maker vra: Waarom het u my so gemaak nie?"

(f) Maar nog meer: Nie alleen het Hy my lewe gered nie, maar Hy het my tot kind en erfgenaam gemaak. Die Koning van alle konings verkies my tot sy kind — nie net in 'n tydelike aardse bestaan nie maar tot in alle ewigheid! 'n Koningskind... 'n prins... 'n prinses! Die aardse koning kan 'n leëmag opstel om sy kind te beskerm en tog kan die kind sterf aan griep of wat ook al, maar my ewige Vader beskerm my so dat "geen haar van my hoof sal val

sonder sy heilige wil nie!” (Luk. 21:18).

(f) By die aanskoue en ontvangs van soveel genade en liefde, sou ek dan voorwaar diep ondankbaar wees as ek nie in aanbidding neerbuig voor my hemelse Vader om Hom met woord en daad sonder ophou te dank nie. Dit dan is die goeie werke — nie om iets daarmee te verdien nie, maar uit dankbaarheid, omdat ek alles verniet gekry het!

(g) Dit is my troos en sekerheid van my verkiesing, nl. die boom word aan sy vrugte geken: "n Goeie boom dra goeie vrugte." (Matt. 7:17). Maar dis ook my tugtiging of verskrikking: "n Goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie." (Matt. 7:18). Sou 'n vyeboom dan bitterappels dra en sou 'n Koningskind dan volhard in sy sondes?

(h) Ek of niemand anders kan my verkiesing ongedaan maak nie. Nou sou ek, as dit van my moes afhang, lustig en rustig in die sonde bly voortlewe, want ek is “geneig om God en my naaste te haat.” (Tit. 3:3), maar God se liefde deur Christus is onweerstaanbaar en al sou ek my met alle mag daarteen verset en volhard in die sonde, God sal my bring op sy bestemde tyd... al moet Hy my breek! Watter ontsettende verskrikking vir my as ek volhard in die sonde Watter heerlike troos, want ook dit is genade!

Ons glo en bely dus dat God ons uitverkies het. Hy is onveranderlik en sal nie van voorneme verander nie. Niemand — ook nie die duiwel self — kan ons uit sy hand ruk nie. Ons kan derhalwe nie verlore gaan nie en vir hierdie oneindige genade wil ons ons lewens as lewende dankoffers aan Hom toewy.

Dit is die leer van die uitverkiesing. Ons erken dat ons hier op aarde altyd net ten dele sal ken en verstaan, maar is dit nou so 'n moeilike of verwarrende leer? So eenvoudig is dit dat 'n kind dit kan verstaan! Wat 'n heerlike werklikheid! Wat 'n eenvoudige waarheid! Wat 'n onwankelbare fondament!

J. H. Ras.

Die Vrye Voëltjie

"As die plaag van melaatsheid genees is, moet hulle twee lewendige rein voëls bring. Die een voël moet in 'n erdepot oor vars water geslag word en die lewende voël moet in die bloed van die voël wat oor die vars water geslag is, ingestee word. Op hom wat van die melaatsheid gereinig moet word, moet sewe maal gesprinkel word (van die bloed) en die lewende voël moet hy oor die oop veld laat weg vlieg." (Lev. 14:3-7).

'n Melaatse en twee voëls

Die melaatse was as gevolg van sy siekte afgesonder van die gemeenskap. As hy herstel het, mag hy nie sommer tussen die ander mense gaan woon nie. Hy moet eers rein verklaar word.

In die seremonie wat dan volg, is twee voëltjies gebruik. Die een word geslag. Hy is simbool van die melaatse wat "dood" was. Die ander voëltjie word nou in die water en bloedmengsel ingestee, sodat sy veertjies bevlek kan word met die bloed van die ander voëltjie. Dan word hy vrygelaat om die lugruimtes in te vlieg — vry! Op die vlerke wat hom die ruimtes indra is die bloed van die dooie voëltjie.

Hierdie vrye voëltjie is simbool van die melaatse. Die onreinheid van die melaatse word van hom weggeneem. Soos hierdie voëltjie nou vry die ruimtes kan invlieg, kan terugkeer na sy nessie tussen die ander voëltjies, so is die melaatse ook vry.

'n Voëltjie wat wegvlieg — simbool van vryheid — hy kan gaan waar hy wil. U is ook vry soos hierdie voëltjie — vry om te gaan waar jou vlerke jou ook maar heen wil neem. Miskien is dit na die kroeg, danspartye, dobbelpartye, na onkuise plekke in die aande Op Sondae weg van die kerk na 'n piekniekplek langs die rivier of in die berg. Dit is so heerlijk vry in die natuur. Niemand sal my keer nie. Ek is vry om te gaan en te doen wat ek wil, wanneer ek wil. Ek is die vrye voëltjie.

In die tuin is daar bloed gesweet. Aan 'n kruis het ook bloed gedrup — gedrup op melaatses — met sonde bevlekte mensdom. Kyk, vrye voëltjie wat vlieg met jou vlerkies waar jy wil, jy kan nooit van die bloed op jou vere wegvlieg nie!

As jy Sondag weer 'n "voëltjie" behaal op die golfbaan — kyk daar is bloed op sy vere. As jy die voëltjie so in hul vrye vlug in die berg of by die rivier bewonder — kyk daar is bloed op hul vlerkies. Vryheid, ja, ek is vry soos die voëltjie wat wegvlieg, maar daar is bloed aan my. Die bloed van Jesus Christus!

Verklaar Sy bloed my rein van melaatsheid, of klaag dit my aan as Sy moordenaar?

Jy vrye voëltjie, met die bloed op jou vlerkies, — waar vlieg jy heen?

B. v. d. Walt (Keetmanshoop)

MY KARAKTER IS DIE HINDERNIS...

Van godsdiens gepraat, my karakter is regtig 'n "hindernis." Ek is nie in die wieg gelê vir godsdiens nie. Ek is 'n ou wat hou van vrolikheid en jolyt en die godsdiens is alles so ernstig en swaar. Verder moet 'n mens in die godsdiens glo 'n hele klomp dinge aanvaar wat heeltemal onlogies is en wat nie met die verstand uitgeredeneer kan word nie.

U redeneer miskien so. Is dit werklik so dat 'n mens se karakter 'n "hindernis" kan wees?

U sê dat u vrolik van geaardheid is. Dis 'n mooi karaktertrek. Dit maak u aantreklik vir ander mense, nie waar nie? Kom ons gesels oor 'n opgewekte geaardheid. As ek in my Bybel lees, kom ek telkens daarop af dat daar gepraat word van blydschap en vreugde. Neem nou maar 1 Tessalonisense 5:16: "Wees altyddeur bly." Die wese van die Christelike godsdiens is immers dat dit blydschap wil bring.

Sê my nou, as u baie teenspoed moet kry, soos 'n aaklige ongeluk waardeur u genoep word om vir die res van u lewe in 'n rolstoel deur te bring, sal u dan nog vrolik en opgewek wees? Ek glo nie!

As jy nou die Christelike godsdiens ondersoek, sal jy vind dat dit jou opgewekte geaardheid gaan verdiep, sodat dit kan standhou ook as die lewe vir jou minder voorspoedig word. Dit gaan vir jou 'n nog groter vreugde en lewensblyheid bring as wat jy nou ken.

U sê dalk: dit mag miskien wees, maar wat van die ander saak: die onlogiese dinge wat 'n mens moet aanvaar. Ek eet nie alles somer vir soetkoek op nie, maar wil 'n ding verstaan en uitredeneer!

Dit is ook 'n mooi karaktertrek; dit dwing ook respek af by jou medemens, maar is dit nou so dat daar in die godsdiens geen plek vir die mens se redenasievermoë en logika is nie — dat dit maar net 'n kwessie is van glo en aanvaar sonder om te verstaan? Ek lees die Bybel dat daar gepraat word van 'n "redelike" godsdiens. (Romeine 12:1)

As jy nou die brief aan die Romeine lees, sal jy verbaas staan oor watter plek die logiese redenasievermoë in die Christelike godsdiens inneem. Natuurlik sal 'n mens nie alles kan uitredeneer nie, maar is dit nodig? Geen mens kon nog presies bewys wat lewe is en dit so verklaar dat daar nie teenstrydighede vir ons verstand oorbly nie. Tog aanvaar ons dat daar so iets soos lewe is. Sien jy, alhoewel ons verstand 'n rol speel, kan mens tog nie alles eers uitredeneer voor jy dit aanvaar nie? Waarom nou van die godsdiens 'n uitsondering maak en vereis dat alles uitgeredeneer moet kan word?

Nee, as jy mooi daarvoor gaan nadink, sal jy agterkom dat jou aard om alles met die verstand te wil benader, geen "hindernis" is om die Bybel te aanvaar nie. Inteendeel, jy sal in die Bybel en in die godsdiens veel kry wat juis hierdie behoefte van jou om dinge uit te redeneer, gaan bevredig. Gaan gesels gerus bietjie oor hierdie saak eendag met 'n predikant en jy sal verbaas wees!

Nee, jou karaktertrekke is geen "hindernis" om die Bybel te aanvaar en te glo nie. Die Bybel vertel van Christus, die Seun van God, wat gekom het om vir alle soorte mense blydschap en vreugde te bring. Ek wys jou maar net op 'n paar: sy dissipels, eenvoudige ongeletterde mense; sekere vroue met hulle emosionele kante; Paulus, die man van verstand en daadkrag.

Kom, ondersoek die Bybel ernstig, gaan gesels openhartig met mense wat die Bybel aanvaar, en ek kan jou verseker: daar wag vir jou 'n groot verassing!

Wil jy dit nie maar doen nie?

J. C. Lessing

Die tekens van die tyd

Ek woon in 'n streek wat deur die droogte geteister word. Ek is altyd bewus van die knellende droogte. Wanneer ek smôrens opstaan, let ek op na die rigting van die wind. Ek asem die lug in, angstig om te ruik of die geur van waterdamp nie in die lug is nie. Ek kyk of daar nie miskien tekens van wolke is nie.

Al hierdie dinge is vir my tekens: 'n Noordewind... klam, geurige lug... wolke wat in die Weste verskyn. Die hoop vlam op. Dit is tekens van reën. Dit is somer asof die las in my gemoed ligter word. Met opgewonde afwagting hou ek die verdere verwickelinge in die weer dop.

Ek sien en hoor baie meer. Ek sien hoe die Christendom, die Christelike beskawing, die Christelike kerk vinnig besig is om terrein te verloor. Die liberalis en humanis lag en spot met die bekrompe en eenvoudige mense wat nog glo in 'n almagtige en alwyse God wat oor alles regeer. Sommige sê reguit dat as daar 'n God is, Hy 'n gemors gemaak het van die skepping en regering van die wêreld.

Vir my as Skrifgehoorsame is dit nie vreemd dat mense soms wanhopig en fatalisties word by die aanskouing van soveel verwarring in die wêreld nie. Ek moet beken dat die koue vrees soms om my hart sluit as ek dink aan wat alles nog kan gebeur. Dit kan nog veel erger word. Sels Job het, toe die ellende en verwarring oor hom toesak, sy geboortedag vervloek. Asaf was in Psalm 73 in opstand teen die onreg wat die goddelose ongestraf doen. Daarteenoor het hy, wat godvresend is, elke dag alleen maar ellende en verdrukking geken. In sy bespiegeling het die Prediker die wêreld in oënskou geneem en moes die versugting herhaal: "Dit is alles tevergeefs en 'n gejaag na wind..."

Aan die ander kant moet ek beken dat die Bybel van hierdie verwarrende gebeure weet en dit duidelik voorspel. As ek die strominge in die wêreld betrag en my Bybel daarby lees, dan sien ek duidelik hoe die Woord van God in vervulling gaan. Daar is vir my soveel tekens van die tyd: die Noordewind waai; die lug se geur vogtig; die wolke pak saam... die reën kom. Die Vyeboom bot, sy blaartjies verskyn... die lente is hier! Die somer is voor die deur!

Oorloë en gerugte van oorloë, afval van die godsdiens en kerk, toenemende sonde en geestelike vervlakking, vrees en frustrasie, openlike goddeloosheid en vloeke teen die hemel. Al hierdie dinge is lentetekens. Die somer is in aantog... my Here kom; ja Hy kom spoedig op die wolke van die hemel, want al hierdie dinge het Hy vooraf spesifiek genoem as tekens wat sy koms vooraf gaan.

Ek is ook bang vir die nood wat al groter word, want ek is 'n mens van vlees en bloed. Diep in my hart weet ek: hierdie dinge is lentetekens... my Here kom!! By die aanskouing van die wêreldgebeure van ons tyd, kan selfs die blindes weet dat die Woord van God waar is. Die wêreld spoed na sy einde soos Hy gesê het.

M. J. Booyens